Waterkruik

JAARGANG 56 NO 13 31 Maart AD 2019

EREDIENSTE VANDAG EN DIE VOLGENDE SONDAG

Dr. Douw vertrek DV vandag na Grand Rapids in die VSA en keer op 6 April terug na SA. Hy is die voorsitter van die International Conference of Reformed Churches (ICRC) se Theological Education Committee en die komitee vergader in Grand Rapids. Die doel van die vergadering is om nouer samewerking tussen die teologiese skole van die behoudende gereformeerde kerke wêreldwyd te bewerk. Onder andere sal die vergadering daaraan aandag gee dat die beste gereformeerde teologiese dosente in die nabye toekoms begin om via die internet by teologiese skole in alle wêrelddele klas te gee sonder dat hulle die skole in persoon besoek.

Ons bid die Here se seën toe op hierdie vergadering.

Proponent *Juan Mienie* lei beide eredienste vandag en volgende Sondag 7 April.

Juan, ons bid jou die Here se seën toe op die verkondiging van die Woord.

Die Skriflesing tydens vanoggend se erediens is Jeremia 7:1-15 en die tema is*:" God waarsku teen misplaaste vertroue en roep ons tot ware toewyding"*.

Vanaand is die Skriflesing Jakobus 2:1-13 en die tema is*:" God roep ons tot onpartydigheid.."*

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: : **Thusofonds**

Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

Volgende Sondag:

Teologiese Studentekas

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 9 & 10
Ouderlinge: Jasper Steyn en Alwyn Rossouw
Diaken: Albert Chambers

Volgende Sondag: Wyke 11 & 12
Ouderlinge: Jantus van der Linden en Johan van Staden
Diaken: Loutjie Coetzee

KATKISASIE

Die katkisasie open volgende Sondag direk na die erediens.

BYBELSTUDIE

Die Bybelstudie hervat Donderdag 11 April op die gewone tye.

TEESKINKBEURTE

Vanoggend sal daar tee en -koffie in die saal beskikbaar wees.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyke 13 en 14 o.l.v. Laurika Naudé en Corrie Zwemstra.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Deurgrond my, o God, en ken my
hart; toets my en ken my gedagtes;
. . . en lei my op die ewige weg!"
Psalm 139:23-24

Maandag 1 April
Sr. Rika Porter 083 527 6978

Dinsdag 2 April
Sr. Nicolene Rossouw 082 650 4516

Woensdag 3 April
Cilliers v d Merwe (17) 082 410 0599

Donderdag 4 April
Blake Truter (2) 079 766 1883
Br. Dian v d Walt 082 872 5603

Vrydag 5 April
Br. Braam Kruger 082 850 1164

Saterdag 6 April
Sr. Ansie Heymans 083 653 5037

MEELEWING

Sr. Ria Stoker is in die Groenkloof Life Hospitaal vir toetse. Ons bid dat die Here jou elke dag sal vashou in sy liefdevolle genade en dat jy gou beter sal voel. 072 041 0840

Sr. Alida Steenekamp is verlede Vrydag in die Pretoria Oos Hospitaal opgeneem nadat haar gesondheid baie agteruit gegaan het. Dit gaan gelukkig heelwat beter maar sy sal nog 'n geruime tyd in die hospitaal wees. Ons dra haar en haar gesin steeds aan ons Hemelse Vader op en bid dat sy volkome sal herstel. 083 303 9693

Sr. *Sus Hossel* ervaar erge rugpyn en het van die dokter verneem dat daar niks is wat hulle daaraan kan doen nie. Ons bid jou krag en genade toe vir elke dag 076 731 1355

Br. *Coen Coertze* het Woensdag 'n suksesvolle galblaasoperasie ondergaan en sterk reeds tuis aan 072 339 2969.

Die kleindogter (6) van sr. *Petra Schutte*, wat nou al meer as 'n jaar lank behandeling kry vir neuro- blastoma en 4 maande namekaar negatief getoets het vir kanker, moet weer chemo- en radioterapie kry vir nuwe uitsaaiings. Ons bid Petra en haar gesin krag en genade toe vir elke dag. Mag God julle en julle kleinkind en kinders vashou in die holte van Sy hand. Ons bid die Here se seën toe op die behandeling. 084 564 6209

PROSEDURES MET DIE UITNEEM VAN BOEKE BY DIE KUIERKAFEE SE BIBLIOTEEK.

Die kuierkafee se bilioteek is nou ingerig en in volle swang! Daar is alreeds ongeveer 340 boeke! Let asseblief op die volgende wanneer u 'n boek wil uitneem of skenk:

1. Teken die boek wat jy uitneem aan op die lys wat daarvoor beskikbaar is.
2. Wanneer jy die boek terugbring, plaas dit in die rakkie daarvoor bestem en nie terug in die boekrak nie en teken die boek af op die lys.
3. As jy boeke skenk, moet dit asseblief nie in die boekrak plaas nie aangesien dit nog gekategoriseer moet word.
4. Moet asseblief nie boeke skenk wat in 'n slegte toestand is nie.

Vir enige navrae kontak vir Rika le Roux, 082 675 0979.

Geniet die leeservaring!! 'n Volledige lys van al die boeke sal mettertyd per e-pos aan u gestuur word.

DR DOUW SE BESOEK IN DIE VSA

Soos hierbo berig het dr Douw vandag na Grand Rapids* in die VSA vertrek om die vergadering van die Theological Education Committee van die International Conference of Reformed Churches (ICRC) by te woon. Die komitee bestaan saam met dr Douw uit 5 lede en een adviseur.
Ons gee graag 'n bietjie meer inligting oor die ICRC.
Die ICRC is 'n konfederasie van gereformeerde of Calvinistiese kerke vanoor die hele wêreld.Tans is 28 kerke lede van die Konferensie. Daar is verteenwoordigers van o.a. die Evangelical Presbyterian Churches in Engeland, Wallis en Ierland, die Free Church van Skotland en Suider-Afrika, die Free Reformed Churches van Australië, Noord-Amerika en Suid-Afrika (die GKSA), die Presbyterian Churches van Oos-Australië en Suid-Korea en die Reformed Churches van die VSA, Nederland, New Zealand, Brazilië, Spanje, Indië en Ierland.
In 'n volgende uitgawe gaan inligting oor die opdragte aan die Education Committee verskaf word.

Embleem van die ICRC

ICRC International Conference of Reformed Churches

Die embleem word soos volg verduidelik (ons doen dit in Engels om nie die betekenis daarvan te beïnvloed nie):

"The circle, a symbol of the world, indicates the international character of the ICRC. Around the circle we see the Church, which began small and is moving out into all the world, as the ICRC also makes clear. A continuing movement signified in the unfinished, open end. The cross, a symbol of the Church. At its starting point it is a symbol of Christ's redemptive work for all the world. The cross spans the whole world. The curved lines also support the dynamic movement in the history of the Church."

** Grand Rapids is 'n stad met 'n bevolking van ongeveer 200 000 in die staat Michigan.*

ALLERLEI

VERVOLGING VAN CHRISTENE IN ASÏE

Nuwe wette in China en Vietnam poog om alle uitdrukking van godsdiens te beheer. Vervolging in China is die ergste in meer as 'n dekade; sommige sê selfs sedert die Kulturele Rewolusie in 1976 geëindig het.
Indiëse vervolging is 'uiters hoog' en China s'n 'baie hoog' en hierdie twee lande huisves die wêreld se grootste Christenbevolkings, een in 'n sekulêre demokrasie en die ander in 'n kommunistiese staat – in albei lande ervaar hulle ongekende vervolging – alhoewel dit op verskillende maniere uitgedruk word.

Nasionalistiese regerings soos Indië en Mianmar ontken steeds die godsdiensvryheid van hulle groot Christenminderhede. Hulle stuur 'n baie duidelike boodskap dat om Indies te wees, moet 'n persoon 'n Hindoe wees, of om Birmaans te wees moet 'n persoon Boeddhisme omhels.

(bron : Geopende Deure)

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za

Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
Hein Wichmann 072 605 8675

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.

U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.